basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V1

NOVEMBER 2011

# MOONTLIKE ANTWOORDE

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat nagesien word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae. Leerders moet enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.

2. Dit is BAIE BELANGRIK dat voorsiening gemaak word vir die leerder in baie gevalle:
   - Leerders moet krediet ontvang vir die gee van hul eie menings en idees in antwoorde.
   - Krediet moet ook aan laterale denke gegee word.
   - Dit is ook belangrik dat argumente en stellings goed beredeneer en gemotiveer moet word deur verwysings na spesifieke faktore.

3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

4. Inligting en kunswerke bespreek in een antwoord, mag nie krediet kry as dit in 'n ander antwoord herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.

5. Leerders moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing.

6. Leerders mag beide twee- en drie-dimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.

7. ***Onthou dat baie leerders hierdie voorbeelde sal bespreek, terwyl hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet neem uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke, binne die konteks van die vraag. Daarom moet nasieners onbevooroordeeld en buigbaar wees in die merkproses.***

## ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

- Hierdie memorandum moet dien as 'n riglyn vir nasieners sowel as 'n onderrigmiddel. Daarom is die memorandum vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as 'n onderrigmiddel gebruik kan word. Ander dele van die memorandum is slegs 'n voorgestelde gids.

- Nasieners word aangemoedig om leerders te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

- Alhoewel die inligting vir die vrae puntsgewys gegee word, moet leerders in opstel-/paragraafformaat skryf en hul inligting op 'n holistiese wyse bespreek.

- Leerders moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, volgens die vereistes van elke vraag. Puntsgewyse antwoorde sal nie volpunte behaal nie.

- Nasieners moet verwys na die Visuele Kunste VAR-dokument (bl. 24) se matriks as 'n riglyn om die vlakke van prestasie te bepaal.

Kopiereg voorbehou

## Assessering van leerders se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer

| PRESTASIE-KODE | LEERUITKOMS 4: VISUELEKULTUURSTUDIES ✓ |
|---|---|
| **7 Uitstekend 80 – 100%** | • Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6 Verdienstelik 70 – 79%** | • Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon uitstekende insig en begrip. |
| **5 Substansieel 60 – 69%** | • Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n goeie vlak van insig en begrip. |
| **4 Gemiddeld 50 – 59%** | • Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip. |
| **3 Bevredigend 40 – 49%** | • Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2 Elementêr 30 – 39%** | • Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1 Nie behaal nie 0 – 29%** | • Demonstreer min of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon min of geen begrip of insig nie. |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE TWINTIGSTE EEU

1.1 Leerders moet 'n vergelykende analise van die twee werke skryf.

Die volgende inligting kan gebruik word om hierdie vraag te beantwoord. Wanneer hulle gevra word om hulle mening te gee oor watter kunswerk die grootste visuele impak het, moet leerders hulle antwoord motiveer.

In 1967 het Louis Maqhubela vir die eerste keer Europa toe gereis waar hy blootgestel is aan Europese kuns en kunstenaars soos Pablo Picasso, Paul Klee en Joan Miro onder andere

Hierdie invloed het hom geïnspireer om weg te breek ut die stereotipiese townshipkuns-genre. Dit het beteken dat sy werk minder gehandel het oor die verslagdoening van sieninge oor sy omgewing of waargenome werklikheid en meer oor die gebruik van lyn, vorm ('form'), vorm ('shape') en kleur as 'n betekenisvolle manier van uitdrukking.

**Fig. 1a: Louis Maqhubela, *Untitled (Ongetiteld)***

Maqhubela skep 'n lewendige toneel vol ekspressionistiese kleur en lewendigheid. Sy figuurlike uitdrukking van lewe in die township toon die alledaagse toneel van mense wat besig is met hulle daaglikse lewe.

Die sterk rooi rok van die vrou op die voorgrond trek die kyker se oog as 'n dominante fokuspunt wat dan opgetel word in die rooi serp van die ander vroulike vorm en die hemp van die man op die fiets. In hierdie reghoekige komposisie lei die vragmotor in die middelafstand ook die oog in die komposisie in. Die sterk kontras van die warm geel van die aarde wat na die kyker toe aankom, herinner sterk aan die werk van beide Gauguin en Nolde. Die koeler bloue van die hemel op 'n afstand gee 'n gevoel van diepte (perspektief).

Die manier waarop die bome geverf is, skep 'n gevoel van energie en lewe. Hulle is nie staties nie, maar stel eerder 'n sterk wind voor wat in die gebied waai.

**Fig. 1b: Emile Nolde, *Dance around the Golden Calf (Dans om die Goue Kalf)***

Hier skep Nolde 'n werk wat 'n amper erotiese waansin toon met demoniese figure wat opsetlik kru en verwronge geverf is. Die figure is groot en konfronterend en neem die grootste gedeelte van die komposionele ruimte op. Hulle is beelde wat nie geïgnoreer kan word nie. Die gesigte is grotesk met min detail. Die drie figure op die voorgrond skep die fokusarea. Aandag word getrek na die sentrale figuur wat in sterk skakerings van pers en blou geverf is – 'n skrille kontras met die komplementêre geel van die ander twee figure.

'n Ligteblou hemel gee 'n effense voorstelling van diepte, maar die skildery neig om plat te wees met die manier waarop die beelde uitgebeeld word. Die uiters ekspressiewe kwashale wat met groot gebare gemaak is en die groot dominante figure skep 'n spasie wat baie kloustrofobies is. Alhoewel Nolde met warm en koel kleure gewerk het, kom hulle meer teenstrydig en steurend voor. Kragtige, energieke en ekspressionistiese kwashale skep 'n komposisie vol energie wat vir die kyker ontstellend is.

(10)

1.2 Leerders moet die kunswerke bespreek van enige TWEE kunstenaars wat hulle bestudeer het wat interessante tegnieke gebruik het om kunswerke te skep en 'n gevoel vir die tydperk waarin hulle leef/geleef het, vasvang.

In hulle opstel (ten minste EEN bladsy) moet leerders die volgende insluit:

- Name van kunstenaars
- Titels van kunswerke
- Inspirasies en invloede op die werk
- Formele kunselemente in die werk gebruik
- Temas en betekenis (10)

**[20]**

## VRAAG 2: SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS

2.1 Leerders moet die visuele bronne aandagtig bestudeer en bespreek hoe die kunstenaars van hierdie werke deur hul kuns met hul land in verband staan (ten minste EEN bladsy).
Hulle moet die volgende in hulle bespreking oorweeg:

**Figuur 2a: John Mohl, *Ploughing (Ploeg)*, 1956**

- John Mohl was 'n baie kundige skilder, soos gesien kan word in hierdie werk van 'n boerderytoneel.
- Dit is nie 'n romantiese uitbeelding van die plattelandse lewe nie. Dit toon inteendeel die harde werk, sweet en inspanning wat in die plaaslewe ingaan.
- Die lewendige helder lig neig om die kontoere op te los en besonderhede te verdof, baie soos die werk van die Impressionistiese skilders.
- Die manier waarop die beelde uitgebeeld word, stel Mohl se eerstehandse waarneming en ondervinding voor. Hy is 'n kunstenaar wat hierdie plaaslewe en harde werk wat in elke dag ingaan, beleef het.
- Die kyker word in die boerdery-aktiwiteite ingetrek: die hitte, roepe van die beeswagters na die osse toe en die smeltingsdetail in die bome en bosse op 'n afstand deur die sterk perspektief lyne wat deur die vore in die geploegde land geskep is. Die gevoel van skaal – groter figure en kleiner bome skep 'n spasie waarvan die kyker deel voel.
- Die kleure wat gebruik word, word deur die helderheid van die son gebleik en geneutraliseer, met interessante kontraste van komplementêre kleure; geel en pers.
- Die middagskadus val in skerpe kontras met die figure.
- Die land strek op teen die lang, vertikale, reghoekige formaat van die skilderdoek en versmelt met die lug.
- Herhaling van die osse.

Kopiereg voorbehou

**Figuur 2b: Helen Sebidi, *From the Lands Carrying Food (Dra Kos aan van die Lande)*, 1979**

- In hierdie komposisie gebruik Sebidi 'n horisontale, reghoekige komposisie om haar interpretasie van landelike Suid-Afrika uit te beeld.
- 'n Sterk, diagonale lyn sny oor die formaat wat geskep word deur die figure van die ses vroue wat groot mandjies graan op hulle koppe dra.
- Hulle kom te voorskyn uit die mistige agtergrond, loop na die kyker toe en word groter soos wat hulle vorentoe beweeg.
- Deur die plasing van die vroue wat na ons toe loop, word 'n ietwat ander stemming geskep.
- Hulle is meer konfronterend; hulle beplooide gesigte en hang borste is dié van ouerwordende vroue wat op die lande werk in die afwesigheid van hulle mans wat migrerende arbeiders is.
- Hulle gedissiplineerde, gebalanseerde, vertikale mars word gekontrasteer met die boom wat gebroke aan die linkerkant swaai.
- Sebidi is diep bekommerd oor hierdie 'onsigbare' vroue' en hulle brose besitreg van die lande wat hulle so met inspanning bewerk en oes. Hulle klere en mandjies swaai en draai nie, want hulle las is swaar.
- Sebidi het met swaar kwashale met wit verf geverf (impasto) en so die taamlik gedempte kleure gesny en aan die hele toneel helderheid verleen (chiaroscura). (10)

2.2 Leerders moet 'n opstel skryf, waarin hulle enige kunstenaar(s) bespreek wat hulle bestudeer het, wat hulle voel 'n gevoel vir identiteit in hul werk oordra. Hulle mag Suid-Afrikaanse en/of oorsese kunstenaars gebruik. Hulle opstel (ten minste EEN bladsy) moet 'n bespreking/analise van ten minste TWEE spesifieke kunswerke insluit.

Leerders moet die volgende in hulle antwoord oorweeg:

**Indien 'n leerder slegs EEN kunswerk bespreek in plaas van twee is die maksimum punte 7 uit 10.**

- Waarvandaan die kunstenaar(s) kom en hoe hulle hierdie gevoel vir identiteit in hulle kunswerke oordra (10)
- Invloede en/of inspirasie in die werk gebruik **[20]**
- Stemming wat geskep word deur temas en boodskappe wat die kunstenaar(s) gebruik het

## VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDS- OF PROTESKUNS IN SUID-AFRIKA

3.1 Leerders moet vergelyk hoe die twee werke konfliksituasies toon deur na die volgende te verwys:

- **Kort beskrywing van die konfliksituasie**

**Fig. 3a:** Die toneel vind plaas in 'n township. Op 'n afstand word 'n Casspir met polisie in die oop agterkant van die voertuig gewys. 'n Polisieman jaag 'n figuur wat tussen die huise aan die boonste regterkant

Kopiereg voorbehou

van die werk ontvlug. Hy is besig om te vlug, maar dit lyk ook of hy iets gooi. Die dominante figuur is die dooie man (die broer) wat voor aan die linkerkant van die werk lê met een van sy skoene bokant hom.

**Fig. 3b:** Die beeld gee 'n letterlike betekenis aan die begrip 'oorlog in die woonkamer' wat gebruik is om die grusame TV-nuus-beelde van die moderne oorloë te beskryf. In hierdie werk word troepe direk binne-in 'n onberispelike, wit woonkamer ingeneem, terwyl daar deur die landskapvensters 'n oorlogtoneel onder rookbedekte palmbome afspeel. In ***Gladiators***, een van Rosler se huidige werke uit die Irak-reeks, is die middelklashuis binnegeval, sy binnekant het onskeidbaar geword van die verminking buite sy mure.

- **Keuse van beelde**

**Fig. 3a:** Die beelde is die tipiese beelde uit die stryd teen apartheid. Die polisievoertuig – die Casspir – en 'n polisieman beeld die onderdrukkende magte van apartheid uit. Die ander twee figure beeld die onderdrukte uit. Die dooie figuur skep 'n sterk en direkte boodskap deur die fokuspunt te wees en ook die grootste figuur. Sy postuur is ongemaklik. Die plasing van 'n straat in 'n township elp om die storie van hierdie werk oor te dra, deur die toneel in 'n werklike spasie te plaas. Dit is interessant om te weet dat hierdie werk eers in 1998 geskep is – dit is soos 'n veralgemeende weerspieëling van of 'n gedenkteken vir die mense wat in die stryd gesterf het. Verwys na die twee koeëls langs die liggaam.

**Fig. 3b:** 'n Moderne woonkamer met 'n onberispelike wit rusbank word deur twee Amerikaanse soldate in volle oorlogswapenrusting binnegeval. Links in die kamer is twee ander figure wie se betekenis nie heeltemal duidelik is nie – is die voorste een in 'n kortbroek deur die ander figuur gevange geneem, of is hulle slegs omstanders? Leerders kan die invloed rekenaarspeletjies ook in hulle antwoord insluit. Protea op die tafel en skildery links kan ook ingesluit word in bespreking.

Kykers van ***Gladiators*** kan verwar word deur die chaotiese panorama wat deur die huis se groot komvensters gesien kan word. Deels is dit natuurlik 'n ontstellende Irakese straattoneel waar rook van 'n motorbom wat ontplof het, verby die palms waai, maar wie is nie koddige mans wat die huis stormloop en knuppels dra? Hulle dra Romeinse uitrustings en lyk soos 'n onreëlmatigheid in hierdie moderne toneel. (Die foto wat hulle uitbeeld is nie 'n maklik identifiseerbare beeld nie, alhoewel dit 'n foto van die Assosiated Press is wat wyd oor die Internet gesirkuleer is. Die beeld dokumenteer soldate van die Amerikaanse Mariniers van die 1ste Divisie in Irak, aangetrek soos gladiators en – soos 'n toneel uit Charlton Heston se *Ben Hur* – wat wedrenne met strydwaens met gesteelde Irakese perde hou. Die bisarre gebeurtenis het plaasgevind by 'n militêre basis van die Mariniers buite die gedoemde stad Fallujah op 6 November 2004, dieselfde aand van die Mariniers se aanval wat die 'oproerige vesting' van 300 000 burgerlikes vernietig het.

- **Invloed van hulle gekose media (gemengde media en fotomontage) op die uitbeeldings (skaal van voorwerpe, komposisie, ens.)**

**Fig. 3a:** Dit is nie 'n naturalistiese of fotografiese weergawe van die toneel nie. Nhlenghtwa het verskillende media en tegnieke gebruik, soos teken, verf en collage. Dit het verskillende skale en perspektiewe tot gevolg en gee 'n titme aan die werk, veral in die ry huise. Die figure het ook 'n 'uitgeknipte' voorkoms. Die oop ruimte van die pad trek die kyker in die werk in en isoleer ook die dooie figuur.

**Fig. 3b:** Rosler het 'n presiese collage-tegniek gebruik en die rekenaargrafika-tegnologie vermy. Sy sny en plak die beelde fisies aanmekaar. Dit skep 'n onnatuurlike gevoel vir skaal van die perspektief. Die glansoppervlakke van die beelde help om 'n moderne tydskriftipe gevoel vir die werk te skep. Die beeld werk in lae, met die twee soldate voor wat ons in die woonkamer innooi – dan die twee figure links, gevolg deur die rusbank en dan die buitenste toneel deur die venster.

- **Die moontlike betekenisse van hierdie kunswerke**

**Fig. 3a:** Die werk beeld die byna daaglikse klopjagte, polisiegeweld en sterftes uit as enkele tekens wat gesamentlik vrees in die swart townships laat versprei het. Deur op individuele gebeure te fokus (dooie liggaam, vlugtende jeugdige en aanvallende polisie) maak hy die kyker 'n getuie tot 'n noodtoestand en die werklike lyding in die laat 1980's. Die mislukking van die eens almagtige apartheidsregering om die massa-aksie te stop is 'n teken van sy ondergang.

**Fig. 3b:** Die werk toon die invloed van die media – veral die televisie – op oorlog wat ons woonkamers binnedring. Ons sou die oorlog in Irak soos 'n realiteitsprogram kon kyk, veral op CNN en ander nuuskanale. Rosler benader die konflik in Irak in montages wat vrae laat ontstaan oor die verbintenis tussen advertensies, joernalistiek, politiek en geweld. (10)

3.2 Leerders moet enige ander TWEE spesifieke kunswerke wat hulle bestudeer het wat besin oor konfliksituasies en/of ander ongeregtighede in die gemeenskap, bespreek (ten minste EEN bladsy).

Hulle moet die volgende in hulle antwoord insluit:

- Name van die kunstenaars en titels van kunswerke
- Kwessies wat in die werke aangeroer word
- Styl van die werk
- Die gebruik van die formele kunselemente
- Betekenis en interpretasie (10)

**[20]**

## VRAAG 4: KUNSVLYT ('CRAFT') EN TOEGEPASTE KUNS

4.1 Deur na al VIER die visuele bronne (FIGURE 4a–4d) te verwys, moet leerders 'n paragraaf (ongeveer ½ bladsy) skryf waarin hulle die volgende bespreek:

- **Die aanpassing van die inheemse tegniek van mandjiewerk vir draadwerk**

Kunstenaars/Vlytkunstenaars wat die weeftegniek in mandjiewerk gebruik het, gebruik ander mediums soos draad en plastiek. Voorheen was mandjiewerk/weefwerk funksioneel en in die Afrika-konteks was dit dikwels seremonieel. Daar is 'n sterk klem op die dekoratiewe.

- **Die kombinasie van tradisionele en industriële tegnologieë**
  Kunsvlyt dek 'n reeks materiale en tegnieke, soos keramiek, kralewerk, mandjiewerk, ens. Die kunstenaars wat genoem word, weef aluminium- en koperdraad om ligte en kandelare te skep.

  **Figuur 4a:** Tradisionele mandjiemaker, KwaZulu-Natal:
  Hierdie item is funksioneel en dekoratief. Deesdae word kleurvolle mandjies geweef deur gedroogde gras te gebruik en dit word aan toeriste verkoop.

  **Figuur 4b:** Bongani Joseph en Benjamin Witbooi, ***BMW Wire Model (BMW-draadmodel)*** (2003) Gegalvaniseerde draad (59 x 107 x 155 cm):
  Die kunstenaars gebruik draad in hulle interpretasie van 'n BMW-motor. Die kunswerk is nie funksioneel nie, maar is as 'n kunswerk geskep.

  **Figuur 4c:** Walter Oltmann, ***Larva Suit (Larwepak)*** (2001) Aluminium- en staaldraad (230 x 160 x 40 cm):
  Hierdie ingewikkelde kunswerk is nie funksioneel nie, maar gebruik steeds die weeftegniek. Oltman word met die dood en lewe van insekte gefassineer. Oltmann is 'n tekenaar, maar maak ook ingewikkelde beeldhouwerk van pakke en wapenrusting.

  Gebeeldhoude vorms word gebou deur aluminium- en koperdraad in ingewikkelde patroonoppervlakke in te weef. Oltmann benader die menslike vorm, maak die figuur leeg en stel die ingewande bloot, en konstrueer dan velle en membrane deur weefwerk. Oltman versmelt die insek en die gemilitariseerde manlike liggaam.

  **Figure 4d:** Walter Oltmann skep 'n funksionele/dekoratiewe kandelaar deur aluminium- geweefde kabel te gebruik en blomblare en blare wat aan takke vas is en weerspieëlende, boomagtige dakkies onder die foyer-plafon van die Grondwethof, Johannesburg, te vorm. Hy het kunsvlyt op oorspronklike maniere herinterpreteer. Die kandelaar gooi skadu's op die vloer van die Grondwethof net soos blare skadu's in die natuur gooi. Dit stel groei voor, wat algemeen is in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Oltmann gebruik 'n verskeidenheid tradisionele en industriële tegnologieë. Ligte maak gebruik van hergebruikte stroke aluminium en geelkoper word in die hangende mandjies ingeweef. Die ligte is modern en simplisties. Oltmann verwys terug na die tradisionele handwerk van mandjiewerk wat gebruik is om mandjies te maak.

- **Die belangrikheid van draadwerk in werkskepping binne die gemeenskap, toeristehandel en bemagtiging van hierdie kunstenaars**
  Die kunstenaar/handwerksman sal in staat wees om sy/haar produkte te verkoop en dus in staat wees om hom-/haarself te onderhou. Baie entrepreneurs neem kunstenaars van landelike gebiede in diens en hierdie kunswerke word in winkels regoor die land, en in sommige

gevalle oorsee, verkoop. Sommige kunstenaars het welbekend geraak en is in staat om 'n ordentlike beroep te hê en op hulle beurt meer kunstenaars in hulle gebied te bemagtig. Handwerksmanne gebruik ou tegnieke met nuwe materiale om ornamentele en dekoratiewe voorwerpe te skep. Die diefstal van koperdraad in die land het 'n groot probleem geword. (8)

4.2 Leerders moet 'n kort opstel (1–1½ bladsye) skryf waarin hulle die werk van enige TWEE kunsvlytkunstenaars wat hulle bestudeer het, bespreek. Hulle moet die gebruik van materiale en tegnieke deur elke kunstenaar motiveer. (12)
**[20]**

## VRAAG 5: KUNS EN MAG – GEDENKGEBOUE, -TEKENS EN -KUNSWERKE

5.1 Nasieners moet daarop let dat inligting in die visuele bronne nie herhaal word nie. Hier kan ook krediet gegee word vir die geskiedkundige Trojaanse metafoor. Leerders moet die inligting lees, die visuele bronne (FIGUUR 5a–5c) bestudeer en die volgende bespreek wat op hierdie gebeurtenis betrekking het (ten minste EEN bladsy):

- **Die funksie van hierdie gedenkteken en die belangrikheid daarvan om so 'n gedenkteken te plaas op die plek waar die gebeurtenis plaasgevind het. Gee redes vir jou opinie.**

  Die gedenkteken word op hierdie plek geplaas sodat almal aan die insident herinner kan word. Die ouers is in staat om die plek te besoek om hulde te bring aan hulle kinders wat in die Trojaanse Perd-insident gesterf het.

- **Die betekenis van die oorspronklike graffiti op die gedenkteken**

  Die mense het graffiti ('REMEMBER THE TROJAN HORSE MASSACRE') gebruik as 'n medium om hulle gevoelens/emosies op die muur uit te druk ter ere van die kinders wat gesterf het. Die graffiti word deel van die muur van herinnering wat agter 'n heining gesien kan word. 'n Gevoel van verstrikking word uitgebeeld. Beeldhouwerk wat deur Brett Murray ontwerp is, is bokant die muur opgelig. Die metaalbeeldhouwerk is van drie plat, uitgesnyde manne wat hulle gewere in verskillende rigtings vuur. Die graffiti wat gebruik is, kan simbolies wees van die bloed wat op die dag van die tragedie gevloei het. 'n Plaatjie is vir elke kind opgerig, soos gesien word met die plaatjie vir Jonathan Claasen (FIGUUR 5b).

- **Die betekenis van die persoonlike weergawe van die gebeurtenis deur die moeders en voogde van die seuns wat gesterf het**

  Sy werk kritiseer politieke kwessies en maatskaplike wanbalanse. Graffiti maak dit meer persoonlik en realisties. Die moeders en voogde kan die plek besoek en hulde bring aan hulle kinders wat gesterf het.

- **Hoe die kunstenaar, Manfred Zylla, hierdie gebeurtenis in sy werk vertolk het (FIGUUR 5c)**

  Zylla se ***Deathtrap (Dodelike Val)*** is 'n potloodskets van 'n vrag gewapende soldate in 'n vragmotor wat oor die beelde van mense se skadu's ry. Hierdie skaduwees verteenwoordig die mense wat doodgemaak en beseer is op die dag. 'n Vierkantige beeld word onder

die vragmotor bo-op die swart figure geïllustreer. Die geblokte beeld van die kind is 'n familielid van sy vrou. Die seun word in 'n doodskis uitgebeeld met net sy kop wat sigbaar is. Die polisie is op die agterkantvan die vragmotor ingepak. Die verwronge portret wys dat hulle gelukkig is en lag en geen berou toon vir wat hulle gedoen het nie.

- **Die leerder se reaksie op die kunswerk met 'n motivering** (10)

Leerders moet duidelik hulle reaksies op hierdie kunswerk motiveer.

5.2 Die werke in FIGUUR 5a–5c herdenk 'n spesifieke geskiedkundige gebeurtenis. Leerders moet enige ander TWEE geboue/gedenktekens/ kunswerke wat hulle bestudeer het wat ook 'n spesifieke geskiedkundige gebeurtenis in ons geskiedenis gedenk, kies. Internasionale voorbeelde is ook aanvaarbaar. Wees buigbaar in die nasien.

Leerders moet hierdie twee werke in besonderhede bespreek (ten minste EEN bladsy) waarin hulle na die volgende verwys waar van toepassing:

- Materiale en tegnieke gebruik
- Simbole en versierings gebruik
- Ligging van die werke
- Ideologieë wat uitgedruk word en moontlike betekenisse vir die besoeker/kyker (10)
- Evaluering van die sukses van hierdie werke **[20]**

## VRAAG 6: ROL VAN FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE APARTHEID/POST-APARTHEID

6.1 Leerders moet die verskillende maniere waarop die menslike figuur/figure in FIGUUR 6a–6b uitgebeeld is (ongeveer EEN bladsy) bespreek en vergelyk.

Leerders moet die volgende hulle antwoord oorweeg:

- **Die gebruik van die formele kunselemente**

**Fig. 6a:** In hierdie potloodskets wys Motjuoadi sy uitstekende gebruik van lyn om die vorm van die figure te skep en om die teksture en toonwaardes te beskryf. Die vorms van die voorwerpe en mense word noukeurig weergegee om 'n driedimensionele effek te skep. In die komposisie vorm die koppe van die figure n prominente sirkel wat die kyker se aandag vestig op die speletjie wat gespeel word. Deur die figure aan die kant af te sny in 'n 'foto-aansig', maak hy seker dat die kyker die speletjie in hierdie werk van naderby beskou. Die hand op die voorgrond speel 'n belangrike rol in die verbinding van die twee figure voor en om die sirkel 'toe te maak'. Patroon speel 'n belangrike rol in hierdie werk , bv. die patrone op die verskillende pette, klere, stowwerige grond, ens. Dit, saam met die hantering van tekstuur en vorm, het 'n spesifieke individuele kwaliteit aan sy werk gegee.

**Fig. 6b:** Die werk lyk plat en tweedimensioneel. Dit word 'n spel met

sterk swart en wit vorms. Hierdie sterk vorms en die gebruik van 'n lynpatroon op die agtergrond skep 'n ritme vir die werk. Muafangejo wend geen poging aan om perspektief te gebruik soos dit in Westerse kuns bekend staan nie. Hy het sy werk in twee groepe figure georganiseer, net soos in 'n strokiesprent. Die 'raampies' word geskei en omring met 'n swart rand met bewoording. Hy toon 'n sterk gevoel vir patroon en ontwerp en vul die hele formaat met figure. Daar is baie herhaling van vorms en patrone.

- **Die gebruik van materiale en media**

  **Fig. 6a:** Motjuoadi was 'n gerekende tekenaar en sy vaardigheid met die gebruik van hierdie basiese kunsmedium kan duidelik gesien word. Hy het daarin geslaag om 'n groot reeks toonwaardes te verkry met sy gebruik van lyne in lae. Daar is ook 'n opwindende, lewendige gevoel uit sy potloodwerk

  **Fig. 6b:** Hierdie is 'n linosnee wat in swart gedruk is. Hy beskik oor die vermoë om in spieëlskrif te skryf sodat sy gedrukte woorde reg lees.

- **Style van uitdrukking**

  **Fig. 6a:** Motjuoadi se styl is interessant in die mengsel van 'n amper hiperrealistiese vasvang van die toneel saam met 'n gevoel vir naïwiteit. So, terwyl hy probeer het om 'n presiese beskrywing te gee van die mense, klere, omringende ruimtes, ens, is daar 'n effense verwringing en vergroting. Dit skep 'n baie persoonlike en identifiseerbare styl in sy werk. Hy het met groot sensitiwiteit die atmosfeer en intimiteit van die townshiplewe vasgevang, maar dit is sy vermenging van realisme en naïwiteit wat 'n byblywende kwaliteit aan sy kuns gee.

  **Fig. 6b:** Sy werk is figuurlik, nie abstrak nie; die mense wat sy werk vul, word egter op 'n gestileerde en individuele manier hanteer. Daar is 'n naïewe kwaliteit aan sy werk – eenvoudig, direk en sterk. Hy skryf dikwels opskrifte in sy werke om die illustrasie te beskryf wat hy gemaak het. Sy Engels was nie altyd korrek nie omdat dit nie sy moedertaal was nie.

- **Wat elke kunstenaar aan die kyker wou probeer oordra**

  **Fig. 6a:** Andrew Tshidiso Motjuoadi het die Pollystraat Kunssentrum bygewoon. Hy kan gesien word as een van die verteenwoordigers van die townshipstyl van kuns. Motjuoadi se bron het uit die townshiplewe gekom, 'n leefstyl wat aan hom bekend was. Hy het die mense met eerlikheid, insig en deernis uitgebeeld. Die mense in hierdie werk is oor hulle speletjie gebuig, Dit lewer kommentaar op die situasie in die townships – politiek en armoede, waar mense hulself moes vermaak deur speletjies te speel in 'n stowwerige straat – maar ook op die mens se gees waar mense, ten spyte van hulle omstandighede, vriendskap en kameraderie kan vind. Dit gee nie slegs insig in die alledaagse lewe in die townships nie, maar toon insig in die menslike natuur. Hy het diep oor die mens, oor sy omstandighede en oor die betekenis van die lewe nagedink.

  **Fig. 6b: Maufangejo se werk is narratief van aard en die direkte geskryf is 'n verduideliking oor die intensie met die werk.** Baie van

sy werk het kontemporêre politieke gebeure in Suid-Afrika en Namibië hanteer. Hy was 'n man van vrede wat in die Christelike waardes van liefde en versoening geglo het. Hy het egter in Namibië gewoon gedurende politieke onrus toe sy land in 'n burgeroorlog en militêre konflik teen Suid-Afrika gewikkel was. Hy het diep gesmak na die bestaan van liefde en versoening tussen die verskillende rassegroepe in Suider-Afrika: hierdie smagting word herhaaldelik in sy werk, beide in die beelde en in die geskryf, uitgedruk. (8)

6.2 Leerders moet 'n opstel (ongeveer 1–1½ bladsye) skryf waarin hulle ten minste EEN Suid-Afrikaanse gemeenskapskunssentrum wat hulle bestudeer het, bespreek.

In hulle antwoord moet hulle die volgende insluit:

- Die naam van die kunssentrum
- Wat dit aan die studente gebied het
- 'n Bespreking van hierdie sentrum se bydrae tot Suid-Afrikaanse kuns
- 'n Spesifieke bespreking/analise van die werk(e) van ten minste EEN kunstenaar wat by hierdie sentrum opgelei is (12)

**[20]**

**VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA**

7.1 Met verwysing na die stelling en die visuele beelde (FIGUUR 7a en 7b), moet leerders 'n paar van die volgende in 'n kort opstel oor Berni Searle (ten minste EEN bladsy) bespreek.
Let daarop dat die nommers in die inligtingstuk foutief is. By die visuele bronne is die numering korrek.

- **Die manier waarop sy rasseklassifikasies aanroer deur haar liggaam met verskillende kleure speserye te bedek**

  Mense is voorheen in Suid-Afrika streng volgens rassegroeperings geklassifiseer. en daarvolgens geëtiketteer. Searle verwys na rassesterotipering in haar werk. Sy gebruik verskillende kleure speserye om verskillende rasse voor te stel. Die spesery vermom/bedek amper die persoon se ras.

  Die werk ondersoek die proses van herinnering en vergeet en die ruimte tussen hulle.

- **Die redes waarom sy haar eie liggaam gebruik**

  Searle gebruik haar eie liggaam beide as onderwerp en voorwerp. Haar liggaam word 'n dokument – dit kan nagespoor word en is 'n rekord.verslag. Haar werk is 'n persoonlike kombinasie van fotografie en uitvoerende kuns. Sy dramatiseer die sigbare met die onsigbare. Searle geniet dit om haarself voor te stel as die onsigbare omdat dit beteken dat sy ongemerk en onbeskadig is. Searle bedek haar liggaam in opstand teen die strengheid van rasseklassifikasies. In ***Traces (Spore)*** is haar liggaamlike gees amper op die vlug, maar sy keer keer op keer terug na die indringende/koppige gewig.

- **Hoe speserye deur hierdie kunstenaar gebruik word in teenstelling met die konvensionele gebruik daarvan en die uitwerking wat dit op die kyker het**

  Die speserye is 'n verwysing na Searle se voorvaders/erfenis met wie sy 'n eksperimentele verbintenis voel, hoofsaaklik deur die soorte kosse wat haar familie eet. Haar oupagrootjies aan haar ma se kant het van Mauritius ('n kok) en Saudi gekom, en het spesifieke kooktradisies met hulle saamgebring. Voedsel, soos in baie families, word 'n plek van omgang en voortsetting met haar familie.

  Searle pak kwessies rondom voorstelling [die skep van die illusie van iets anders], wat verband hou met koloniale geskiedenis – haar kuns het dus te doen met post-kolonialisme. Sy is bekommerd oor die afgesaagde manier (cliché) waarop plaaslike kulture tradisioneel uitgebeeld is. Searle se werk is nie net oor rassisme nie, dit is oor identiteit, vervreemding/isolasie van identiteit. Haar smagting is egter ook om nie vasgepen en ingeperk, gedefinieer, beperk en voorgeskryf te word deur een identiteit nie. Dit is oor ontsnap van en die aanhoudende onderhandeling oor identiteit. Die toegepaste speserye is korttermyn, wat beteken dat identiteit nie geforseer of vir ewig voorgeskryf kan word nie. In Colour Me (Figuur 7a) het sy 'n woordspeling met die idee van kleur en ras waar sy verskeie gekleurde speserye gebruik, alhoewl almal nie direk verwys na ras nie.

  Searle gebruik haar liggaam as 'n dokument. Speserye word spaarsamig gebruik in kosmaak, terwyl sy groot hoeveelhede speserye in haar werk gebruik. Die spesery verbeter die smaak van die ete. Speserye het 'n positiewe konnotasie. Daar is 'n paradoks/teenstelling omdat die massa van poeier nie baie kan wees nie; tog onderdruk/stik en versmoor dit haar – 'n aanduiding dat selfs fyn skakels bepalend kan wees in die gulsige politiek van eisende identiteite. Daarom voer Searle in ***Traces (Spore)*** 'n ontsnapping op. Ons aanskou die spoor van haar liggaamlike vlug; tog keer sy keer op keer terug na daardie indringende gewig.

- **Die gebruik van fotografie in haar werk**

  In ***Traces (Spore)*** (FIGUUR 7d) is daar ses hoë, vergrote foto's/digitale afdrukke. Hulle is in twee parallelle rye gehang. Een ry toon die kunstenaar se naakte liggaam wat met verpoeierde speserye bedek is. Die ander ry toon die afdruk van haar afwesige liggaam in die poeiers. Hier kom haar identiteit te voorskyn en verdwyn dan weer. Waar die liggaam afwesig is, is 'n poskantoorskaal aan die onderkant van elke foto met speserye gevul, asof Searle se liggaam op 'n manier in hierdie netjiese hopies geurige rooi, geel en bruin poeiers vasgevang is. Speserye het 'n oorweldigende reuk wat die kyker se sintuie betrek. (10)

- **Die leerders se opinie oor hierdie kunswerke – antwoorde moet gemotiveer wees.**

  Gemotiveerde eie antwoord.

7.2 Leerders moet die werk van enige kontemporêre kunstenaar(s) wat

nietradisionele media en/of tegnieke gebruik om 'n boodskap van ons tyd oor te dra, bespreek. Hulle moet na spesifieke kunswerke in hulle antwoord verwys (ten minste EEN bladsy). (10)

**[20]**

## VRAAG 8: KUNS EN DIE GEESTELIKE (SPIRITUELE) GEBIED – KWESSIES IN KUNS RAKENDE GELOOFSTELSELS, DIE GEESTELIKE IN KUNS

8.1 Leerders moet die visuele bronne in FIGUUR 8a en 8b bestudeer en 'n paragraaf (ongeveer ½–1 bladsy) skryf waarin hulle bespreek hoe hierdie kunstenaars die vroulike vorm uitgebeeld het.

Leerders moet die volgende in hulle antwoord oorweeg:

- **Redes vir die gebruik van die Maagd Maria/geestelike interpretasies**

  Die Maagd Maria is nog altyd as 'n hemelse figuur uitgebeeld. Sy is die toonbeeld van reinheid en onskuld. Victor verwys na godsdienstige ikone en figure as draers van haar sosiale kommentaar.

- **Bedoelings/Funksies**

  **Figure 8a:** Die godsdienstige ikoon is 'n beeldhouwerk vir die binnekant van 'n Katolieke kerk.

  **Figure 8b:** Diane Victor hanteer die grense tussen geluk en vrees amper as 'n vergryp. Sy wil die kyker skok en 'n stelling maak.

- **Ooreenkomste/Verskille in elk van die voorbeelde (hande, gesig en houding)**

  **Figure 8a:** Die rustige Katolieke beelhouwerk is uit marmer gekerf en verteenwoordig vrede. Sy hou 'n kruis in een hand en blomme in die ander; haar hande hou saggies die drapering teen haar bors vas. Haar oë is oop. Die beeldhouwerk het 'n delikate, voelbare kwaliteit.

  **Figure 8b:** Die ***Lady of the Stains (Dame van die Vlekke)*** se oë is toe en haar mond is gedeeltelik oop, wat die uitdrukking van pyn en wanhoop versterk. Haar hande gryp haar liggaam vas. Geweld word in die kunswerk uitgedruk. Die tekenmerke smelt doelbewus met die vlekke saam (waterverf).

- **Gebruik van formele kunselemente, byvoorbeeld vorm ('form'), vorm ('shape') en tekstuur**

  **Figure 8a:** Driedimensionele vorm, gladde tekstuur

  **Figure 8b:** Tweedimensionele tekening. Bruinerige pers en swart vlekke 'ontplof' op die beeld met hulle deurskynendheid en ontbloot besonderhede van die fyn tekening onder hulle. In die afdruk ***Lady Of the Stains (Dame van die Vlekke)*** het Victor 'n delikate potloodskets met 'tusche' waterverwe wat die potensiaal vir litografie verhoog.

- **Die leerder se interpretasie oor waarom Victor die vroulike vorm ontsier het. Gee geldige redes vir jou standpunte.**

  Haar werk ondersoek die onderste leer van die samelewing en ons lewens met 'n buitengewone intensiteit. Die merke wat sy maak, is voortreflik pragtig en gedefinieerd. Victor sou 'n stelling kon maak oor hoe vroue in Suid-Afrika gedurig mishandel word, beide geestelik en fisies. Die vrou word vasgevang in die stryd van óf geestelike óf seksuele ekstase of dalk die pyn daarvan om seergemaak te wees. (8)

8.2 Leerders moet EEN werk elk deur enige TWEE kunstenaars wat hulle bestudeer het wat die vroulike/manlike vorm in die geestelike gebied uitbeeld, bespreek (ongeveer 1½ bladsye). (12)

**[20]**

## VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES IN SUID-AFRIKAANSE KUNS: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

9.1 Leerders moet die stelling lees en bespreek hoe die manlike identiteit in enige TWEE kunswerke in FIGUUR 9a–9d (ten minste ½ bladsy) uitgebeeld word.

Leerders moet in hulle antwoorde na die volgende verwys:

- **Formele kunselemente**

  **Fig. 9a:**.Die werk het 'n eenvoudige komposisie met drie figure wat op 'n rooi rusbank sit. Die figure is erg verwronge. Daar is 'n sterk gebruik van lyn in die gekleurde lyne wat die uniforms definieer. Die kleurkontraste is sterk, bv. rooi, blou, geel en wit.

  **Fig. 9b:** Twee manlike figure word teen 'n plat, donker agtergrond gewys. Die figure se vorm is naturalisties, maar nie die hantering daarvan nie. Hulle is 'n helder oranje-rooi en is bedek met geel, pers, ens. patrone. Die negatiewe ruimtes op die agtergrond vorm interessant vorms en is so kragtig soos die figure.

  **Fig. 9c:** Hierdie vergrote portrethoof fokus op die individu. Die portret is lewensgetrou en vul die doek. Die merkbaarste aspek is sy byna afgeslyte kleur. Die tipiese 'hoodie'-bostuk is in aanloklike pienke. Die agtergrond is in bruine, napelsgeel en turkoois. Die helder rooi lippe is die fokuspunt. Hy gebruik ook patrone op groot skaal – op die agtergrond is daar 'n warrelpatroon, terwyl daar op die pienk kledingstuk 'n subtieler patroon is.

  **Fig. 9d:** Kudzi se lewensgrote werke van gemengde media kombineer politieke satire, sterkbelynde hip hop-graffiti, gedigte en kommentaar oor groot stede om sy eie weergawe van popkuns te maak. Sy grootskaalse (3,66 m x 2,44 m) kombinasies van graffiti, etse, inktekeninge, gedigte en verf gee die gevoel van 'n film wat ontwikkel – die enigste verskil is dat die beelde op die hardebord, waarop hy verkies om te werk, gevries is.

In hierdie werk is daar 'n mengsel van beelde en beelde wat oor die oppervlak verstrooi is. Daar is nie 'n tradisionele komposisie nie, maar 'n effek van lae word eerder geskep, soortgelyk aan dié van graffiti. Die woorde en geskrewe stukke skep 'n sterk gevoel vir lyn. Die twee groot figure word gewys met toonvariasies en dit skep 'n driedimensionele effek. Die skaalgevoel is nie logies nie – die figuur onder is kleiner as die sentrale figuur. Ook interessant is die 'uitgesnyde' vorm van die duiwelagtige figuur. Die werk is hoofsaaklik in variasies van swarte en gryse wat met die skokpienk bots – dit skep 'n straat-effek. Hierdie kunstenaar wat in Zimbabwe gebore is, is die plaaslike erfgenaam van die nalatenskap van die Amerikaanse kunstenaar Jean Michel Basquiat.

- **Hoe hierdie werke die tradisionele konsepte van manlikheid bevraagteken**

  **Fig. 9a:** Hierdie figure is 'n uitdrukking van mag, en veral van mag wat bederf. Hierdie is 'n bekende toneel wat betrekking het op baie kunswerke deur die eeue en mans in magsposisies toon, bv. konings, generaals, ens. Wat anders is, is die manier waarop Hodgins hulle verwring het, sodat dit 'n satire word van die misbruik van mag in mansfigure.

  **Fig. 9b:** Dit is 'n verfrissende beeld van die manlike figuur. Die mans poseer, helderkleurig en bedek met simbole en tekens (tatoeëermerke). Die kleure en verregaande dekorasies is ongewoon in die uitbeelding van die manlike figuur. Dit vier die skoonheid van die manlike figuur en verwys subtiel na homoseksualiteit.

  **Fig. 9c:** Weereens is dit nie tradisioneel nie omdat daar 'n sterk stedelike, modieuse gevoel is wat van toepassing is op die hedendaagse jeug. Die kleure, patrone ens. word gewoonlik gesien in beelde van vroue en nie van mans nie – dit verbreed die persepsies van manlike identiteit en het ook betrekking op jonger, moderner mans. Ook 'n invloed van hip hop-musiek.

  **Fig. 9d:** Dit hanteer spesifiek die swart man in die moderne stedelike omgewing wat, na dekades van onderdrukking, nou sy eie stem en krag vind.

- **Moontlike betekenisse en interpretasies**

  **Fig. 9a:** Dit is een van Hodgins se werke wat op Ubu van die toneelstuk 'Alfred Jarry' gebaseer is. Ubu is gierige magsfiguur wat bose praktyke verteenwoordig. Ubu word dikwels gesien as Jarry se metafoor vir die moderne man; hy is 'n antiheld – vet, lelik, vulgêr, vraatsugtig, spoggerig, oneerlik, dom, maer, gierig, wreed, lafhartig en boos. Die drie manlike figure sit op 'n rooi rusbank. Die sentrale figuur is aangetrek in 'n rooi pak, met weerskante die twee bevelhebbers, aangetrek in hulle wit en blou uniforms versier met medaljes. Al drie simboliseer verwaandheid, hoewel hulle gesigte hulle boosheid simboliseer en hoe mag hulle na amper dierlike mans bederf het. Alhoewel hierdie werk na die apartheids-regering en sy offisiere verwys, raak dit universeel deurdat dit wys hoe sommige mense deur hulle magsposisies en hulle verwaandheid bederf kan raak.

Kopiereg voorbehou

**Fig. 9b:** Die manlike figuur raak 'n voorwerp van skoonheid. Die figure is bedek met patrone in verskillende kleure wat die liggaam verfraai. Alhoewel daar homoseksuele ondertone is met die twee mans en die klem op die liggaam wat mooi is, word dit subtiel en met skoonheid hanteer. Figuur regs herinner aan Michelangelo se Dawid.

**Fig. 9c:** Die uitgangspunt vir Maluka se portrette is gewoonlik 'n foto. Hy skeur die portrette, waarmee hy 'n onmiddellike verbintenis voel, uit 'n modetydskrif. Hy begin dan om karakters te skep en gee hulle persoonlikhede – bekoorlik, sexy, koel, hartstogtelik – en om hulle in kontekste te plaas wat gons en klop. Die portret het 'n baie kontemporêre, stedelike gevoel – dit is die gesig van die moderne, jong Suid-Afrikaanse man – trots, metroseksueel en nie bang om met pienk omring te word nie.

**Fig. 9d:** Kudzi hanteer stedelike Afrika-kwessies met die revolusionêre en, by tye mal, humor. Dit hanteer kwessies wat die moderne swart man in die gesig staar, soos swart bemagtiging en om jou eie identiteit te vind in 'n veranderende samelewing. Sy skilderye konfronteer kykers met die psigologiese en fisiese ondervinding van die middestad van Johannesburg, die kontinent se mees kosmopolitaanse smeltkroes waar duisende bannelinge, vlugtelinge en asielsoekers veg vir oorlewing langs die nimmereindigende golf van nuut verstedelikte Suid-Afrikaners.

***'Primarily my art is about communicating with the hip-hop generation. It might not be expressing an entirely hip-hop aesthetic, but it sets out to talk to my peers, and they are mostly into hip-hop, be they the music consumers, poets or fashion crowd – the glue that binds us is hip-hop.'*** (6)

9.2 Leerders moet die werk van enige TWEE kunstenaars wat hulle bestudeer het wat die manlike en/of vroulike identiteit bevraagteken, bespreek en daaroor besin. Leerders moet na spesifieke kunswerke in hulle antwoorde (ongeveer 1½–2 bladsye) verwys. (14)

**[20]**

**VRAAG 10: KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE EN INTERNASIONALE ARGITEKTUUR**

Leerders moet na die stelling verwys en 'n opstel (ten minste TWEE bladsye) skryf waarin hulle enige voorbeelde van toepaslike oorsese en plaaslike kontemporêre argitektuur wat hulle bestudeer het, bespreek. Hulle mag verwys na die visuele bronne in FIGUUR 10a en 10b en/of dié van hulle eie keuse.

Leerders moet die volgende in hulle opstel insluit:

- Name van geboue en argitek(te)
- Funksie en ligging
- Styl en gebruik van materiale en boutegnieke
- Sosio-ekonomiese en omgewings-/volhoubaarheids-/groen kwessies
- Geldige redes waarom jy hierdie geboue inspirerend vind

Kopiereg voorbehou

Groen-/volhoubare bouery is die praktyk waar die doeltreffendheid waarmee geboue hulpbronne gebruik, toeneem, soos

- energie
- water
- materiale/stowwe

terwyl die impak van bouery op die mens se gesondheid en die omgewing afneem deur

- beter waarneming
- ontwerp
- konstruksie

Groen-bouery kan slaag in beide *ekologiese* en *estetiese harmonie* tussen 'n struktuur en sy omringende natuurlike en beboude omgewing.

Geboue het 'n reuse invloed op die omgewing en groen-boupraktyke probeer om hierdie invloede dramaties te verminder. Geboue dra grootliks by tot:

- Grondgebruik
- Energie en waterverbruik
- Lug- en atmosferiese verandering

Groen-boupraktyke se doel is om hierdie invloede te verminder en uiteindelik uit te wis deur die gebruik van hernubare hulpbronne (sonlig, plante en bome).

Volhoubare ontwikkeling

Ontwikkeling wat voorsien in die behoeftes van die teenwoordige tyd sonder om die vermoëns van mense in die toekoms te kompromitteer, om in hulle behoeftes te voorsien.

Wat is 'n *groen*-gebou?

'n Groen-gebou sluit in die gebruik van ontwerp, materiale en tegnologie in om energie- en hulpbrongebruik en die skep van afval te verminder in die rigting van 'n verbetering in beide die interne toestande en die eksterne, natuurlike omgewing, beide onmiddellik en globaal. 'n Groen-gebou sal spesifiek insluit:

Die gebruik van ontwerp- en boumateriale om hittelading te verminder, natuurlike lig binne die gebou te maksimeer en die sirkulasie van vars lug te bevorder – op bevorder weer verminderde vereistes vir beide lugversorging en kunsmatige beligting.

- Die gebruik van materiale wat omgewingsvriendelik en niegiftig is, hergebruik waar dit beskikbaar is en dan van hernubare hulpbronne, m.a.w. bamboes, strooi en sekere houtsoorte

- Die gebruik van energie- en hulpbronbesparende tegnologie, soos energiedoeltreffende beligting en lugversogingstelsels, waterdoeltreffende loodgieterswerk-toebehore, water-'oes' en watervermindering-fasiliteite. Ontwerpers gebruik hoogs doeltreffende vensters en isolering in mure, plafonne en vloere. Die plasing of oriëntasie van die geboue is ook van uiterste belang om sodoende die son of bome vir hitte of skaduwee ten volle te benut – dit verskaf natuurlike lig en verminder energieladings.
- Die gebruik van hernubare energiebronne, soos son-waterverhitting, fotovoltaïese panele en windkragopwekkers
- Minimale impak op die onmiddellike en omringende omgewing

***Die Bahrain Handelsentrum***

- Hierdie gebou is geleë in die stad Manama en is 'n uitstekende voorbeeld van kontemporêre argitektuur wat volhoubaar is in terme van sy eie krag.
- Hierdie 50-verdieping-kompleks bestaan uit twee identiese glastorings wat 240 meter hoog reik en 'n spits maak soos hulle in die hemele in reik.
- Die seilvormige geboue bied 'n visueel treffende silhoeët en verwys toepaslik na die maritieme omgewing van hierdie klein Midde-Oosterse eiland, en spog met een ander baie unieke kenmerk – drie reuse windturbines wat die twee 'seile' aan mekaar verbind.
- Die vlerkagtige torings help om die windsnelheid tussen hulle te tregter en te versnel.
- Verder behoort die verskil in die vertikale vorm van die torings te help om die drukverskille tussen die brûe te verminder, wat, wanneer dit met 'n toename in windspoed op hoër vlakke gekombineer word, 'n gelyke snelheid by die turbines behoort te verskaf.
- Al hierdie dinge sal sorg vir selfs groter doeltreffendheid in die aandrywing van die kragopwekkers.

***Strooihuis***

Bou met strooibale is 'n tegniek wat 'n eeu gelede in Noord-Amerika die weg gebaan het. Meer onlangs was daar 'n herlewing in die gebruik van strooi as boumateriaal. Strooi is 'n hernubare hulpbron met uitstekende isolerende eienskappe. Dit is goedkoop en 'n maklike opsie vir selfdoen-bouers om te gebruik en selfs grootskaalse strukture kan opgerig word deur houtrame te gebruik wat met strooi gevul is.

Strooibale word geprys vir die maklike konstruksie, lae koste en isoleringseienskappe daarvan Om 'n huis met strooibale te bou word strooibale op mekaar gepak en met metaal- of houtpale geanker. In sommige gevalle word 'n houtraam gebruik om struktuur te gee, maar strooibale kan ook losstaande wees. Nadat die vorm van die huis gefinaliseer is, word die bale met pleisterkalk bedek, wat kan wissel van natuurlike pleister wat uit die grond van die bouperseel geneem is tot minder tydrowende sementpleister. Strooibaalhuise lyk na iets uit 'n sprokie, met mure wat uitbult en buig, en hulle stewige karakter maak van hulle 'n natuurlike keuse vir ander strukture, van busskuilings in Meksiko tot skure in Kalifornië. **[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou